"uitvoerende komitee" die ampsbekleërs van die verteenwoordigende raad van leerders;

"verteenwoordigende raad van leerders" 'n verteenwoordigende raad van leerders wat ingevolge artikel 48 van die Wet ingestel is.

Samestelling van verteenwoordigende raad van leerders

2. (1) 'n Verteenwoordigende raad van leerders ingestel by 'n skool moet uit drie leerderlede per graad bestaan, van graad 8 tot graad 12.

(2) Die Departementshoof kan die samestelling van 'n verteenwoordigende raad van leerders wat van die samestelling in subparagraaf (1) verskil, goedkeur indien—

   (a) die beheerliggaam van die skool skriftelik vir 'n verskillende samestelling aansoek gedoen het, met die aanvoering van redes daarvoor; en

   (b) die Departementshoof tevrede is dat die voorgestelde samestelling in die belang van onderwys by die skool is.

(3) Die Departementshoof kan sy of haar goedkeuring van die samestelling van 'n verteenwoordigende raad van leerders wat van subparagraaf (1) verskil te eniger tyd terugtrek en die verteenwoordigende raad van leerders ontbind, waarby 'n nuwe verteenwoordigende raad van leerders ooreenkomstig paragraaf 8(2) verkies moet word.

Diskwalifikasie van lidmaatskap van verteenwoordigende raad van leerders

3. 'n Leerder mag nie 'n lid van 'n verteenwoordigende raad van leerders wees indien hy of sy—

   (a)   te eniger tyd by enige skool aan ernstige wangedrag skuldig bevind is nie; of

   (b)   nie 'n geregistreerde leerder met 'n geldige Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel-nommer is en as 'n leerder by die betrokke skool ingeskryf is nie.

Ampstermyn van lede van verteenwoordigende raad van leerders

4. Behoudens paragrawe 2(3), 8 en 9—

(a) is die ampstermyn van 'n lid van 'n verteenwoordigende raad van leerders een akademiese jaar, met ingang van 'n datum bepaal deur die Departementshoof; en

(b) kan 'n lid van 'n verteenwoordigende raad van leerders ná die verstryking van sy of haar ampstermyn herverkies word.

Vakatures in verteenwoordigende raad van leerders

5. (1) 'n Vakature vind plaas in 'n verteenwoordigende raad van leerders indien 'n leerderlid—

(a) bedank;

(b) sterf;

(c) vir drie agtereenvolgende vergaderings van die verteenwoordigende raad van leerders sonder die toestemming van die voorsitter afwesig is;

(d) soos beoog in paragraaf 3 gediskwalifiseer is; of

(e) ingevolge paragraaf 9 ontslaan is.

(2) Wanneer 'n vakature in 'n verteenwoordigende raad van leerders ontstaan, moet die vakature binne 14 dae van die ontstaan van die vakature deur middel van 'n tussenverkiesing gevul word, ooreenkomstig die benoemings- en verkiesingsprosedures uiteengesit in paragrawe 12, 13, 14 en 15.

(3) 'n Leerderlid wat deur middel van 'n tussenverkiesing verkies is om 'n vakature te vul, dien vir die onverstreke tydperk van die ampstermyn van sy of haar voorganger.

Werksaamhede van verteenwoordigende raad van leerders

6. 'n Verteenwoordigende raad van leerders moet—

(a) sy eie grondwet opstel of die bestaande grondwet aanvaar met wysigings, indien nodig, en dit binne 30 dae ná die verkiesing, soos beoog in paragraaf 15, aan die beheerliggaam voorlê vir goedkeuring;

(b) die beheerliggaam adviseer oor aangeleenthede rakende onderwys of die belange van leerders wat die beheerliggaam na die verteenwoordigende raad van leerders verwys of wat die verteenwoordigende raad van leerders onder die aandag van die beheerliggaam wil bring;

(c) hul medeleerders verteenwoordig;

(d) as 'n kommunikasiekanaal dien vir die leerders onder mekaar en tussen leerders en die skoolpersoneel, die prinsipaal, ouers en die skoolgemeenskap;

(e) help om orde te handhaaf in die skool ooreenkomstig die gedragskode van die skool;

(f) 'n positiewe voorbeeld stel van dissipline, getrouheid, respek, stiptelikheid, samewerking en aktiewe deelname aan skoolaktiwiteite;

(g) goeie verhoudings onder die leerders bevorder, en tussen leerders en die skoolpersoneel, die prinsipaal, ouers en die skoolgemeenskap;

(h) verantwoordelikheid en leierskap bevorder;

(i) die akademiese, kulturele en sportopvoedkundige programme van die skool ondersteun;

(j)   'n gees van gemeenskapsdiens en vrywillige werk kweek, en leerders aanmoedig om vrywillige dienste ten bate van die skool en die gemeenskap te lewer; en

(k)   die beste belange van die skool bevorder.

Eienskappe van lede van verteenwoordigende raad van leerders

7. 'n Lid van 'n verteenwoordigende raad van leerders behoort hul te beywer om die volgende eienskappe ten toon te stel:

(a)   betroubaarheid;

(b)   goeie kommunikasievaardighede;

(c)   selfvertroue;

(d)   goeie interpersoonlike vaardighede;

(e)   toewyding;

(f)   'n positiewe gesindheid;

(g)   'n begeerte om te dien;

(h)   integriteit; en

(i)   goeie leierskap.

Ontbinding van verteenwoordigende raad van leerders

8. (1) Die Departementshoof kan 'n verteenwoordigende raad van leerders ontbind indien die prinsipaal van die betrokke skool, na oorlegpleging met die onderwyserskakelbeampte, die beheerliggaam en die verteenwoordigende raad van leerders die Departementshoof skriftelik versoek om 'n verteenwoordigende raad van leerders te ontbind, indien die verteenwoordigende raad van leerders versuim het om sy werksaamhede voldoende te verrig of opgetree het op 'n wyse wat nie in die beste belang van die skool is nie.

(2) 'n Verteenwoordigende raad van leerders wat kragtens subparagraaf (1) ontbind is, moet weer ooreenkomstig paragrawe 12, 13, 14 en 15 saamgestel word.

Ontslag van lede van verteenwoordigende raad van leerders

9. (1) Die prinsipaal kan, na oorlegpleging met die onderwyserskakelbeampte, die skoolbestuurspan en die voorsitter van die verteenwoordigende raad van leerders, 'n leerderlid van die verteenwoordigende raad van leerders ontslaan indien die leerderlid—

(a) 'n daad pleeg wat die administrasie van die skool ondermyn, of ander aanmoedig om so 'n daad te pleeg;

(b) ongehoorsaam is of weier om 'n roetine-instruksie uit te voer wat enige opvoeder of gesagspersoon aan hom of haar gegee;

(c) traag is of weier om pligte na te kom;

(d) hom of haar gedra op 'n onbetaamlike of onbehoorlike wyse of skuldig is aan growwe onbeleefdheid teenoor 'n ander persoon; of

(e) aan ernstige wangedrag skuldig bevind is.

(2) 'n Vakature wat as gevolg van die toepassing van subparagraaf (1) ontstaan, moet deur 'n leerder gevul word wat ooreenkomstig paragraaf 5(2) en (3) verkies is.

Onderwyserskakelbeampte

10. (1) Die onderwyserskakelbeampte moet 'n opvoeder wees wat deur opvoeders van die betrokke skool benoem is om as skakel tussen die skoolpersoneel en die leerders op te tree.

(2) Die ampstermyn van die onderwyserskakelbeampte mag nie vyf jaar oorskry nie.

(3) Die onderwyserskakelbeampte van 'n skool moet—

(a) toesien dat alle dokumentasie met betrekking tot die verteenwoordigende raad van leerders oorgedra word deur die uittredende uitvoerende komitee na die nuut verkose uitvoerende komitee;

(b) kapasiteitsbou vir leerderlede verskaf om hulle in staat te stel om hul werksaamhede te onderneem;

(c) tussen die personeel en die leerders skakel;

(d) toesien dat die verteenwoordigende raad van leerders funksioneel bly;

(e) toesien dat die verteenwoordigende raad van leerders die missie en visie van die skool ondersteun;

(f) toesien dat die skoolgemeenskap die aktiwiteite van die verteenwoordigende raad van leerders aanvaar;

(g) kommunikasie tussen hom of haar, die prinsipaal en personeel, en die verteenwoordigende raad van leerders bevorder; en

(h) leerderlede help om die verteenwoordigende raad van leerders te organiseer deur 'n gevoel van verantwoordelikheid by die lede in te prent.

(4) Indien 'n vakature in die posisie van onderwyserskakelbeampte ontstaan, moet dit op die wyse beoog in subparagraaf (1) gevul word.

Kiesbeampte

11. Die onderwyserskakelbeampte van 'n skool—

(a) moet as kiesbeampte vir die benoeming en verkiesing van lede van die verteenwoordigende raad van leerders van die skool optree;

(b) kan een of meer opvoeders aanstel om met 'n benoemingsvergadering en verkiesing te help; en

(c) moet by enige vergadering wat 'n verkiesing van 'n verteenwoordigende raad van leerders ten doel het, voorsit.

Benoeming van leerders vir verteenwoordigende raad van leerders

12. (1) Behoudens paragraaf 3 kan 'n leerder ingeskryf in graad 8, 9, 10, 11 of 12 by 'n openbare skool tot die verteenwoordigende raad van leerders verkies word indien hy of sy ingevolge subparagraaf (2) benoem is en die benoeming ingevolge subparagraaf (8) deur die kiesbeampte goedgekeur is.

(2) Om 'n leerder te benoem moet 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel A—

(a) deur 'n voorsteller, 'n sekondant en die leerder wat benoem word, voltooi word; en

(b) gedurende die benoemingstydperk by die kiesbeampte ingedien word.

(3) Elke leerder ingeskryf in graad 8, 9, 10, 11 of 12 by 'n skool kan op 'n benoemingsvorm—

(a) die benoeming van 'n leerder voorstel;

(b) die benoeming van 'n leerder sekondeer; of

(c) sy of haar benoeming aanvaar of weier, wat gemaak is deur 'n ander leerder,

wat in dieselfde graad as hy of sy is.

(4) 'n Leerder mag nie sy of haar eie benoeming voorstel of sekondeer nie.

(5) Die kiesbeampte moet 'n kennisgewing in die vorm van Aanhangsel B voltooi en toesien dat beide die kennisgewing en die benoemingsvorm voor die aanvang van die benoemingstydperk aan elke leerder ingeskryf in graad 8, 9, 10, 11 of 12 by die skool uitgedeel word.

(6) Die benoemingstydperk begin op die datum aangedui op die kennisgewing en duur voort vir ses skooldae, waartydens die kiesbeampte voltooide benoemingsvorms van leerders moet ontvang.

(7) Die kiesbeampte moet voor die benoemingsvergadering beoog in paragraaf 13 elke benoemingsvorm oorweeg en 'n benoeming verwerp wat—

  (a)   nie voltooi en ingedien is soos voorgeskryf in subparagraaf (2) nie;

  (b)   voorgestel of gesekondeer is deur 'n leerder in 'n ander graad as die benoemde;

  (c)   voorgestel of gesekondeer is deur die benoemde; of

  (d)   van 'n leerder is wat ingevolge paragraaf 3 nie op die verteenwoordigende raad van leerders mag dien nie.

(8) Indien 'n benoeming—

  (a)   voltooi en ingedien is soos voorgeskryf in subparagraaf (2); en

  (b)   nie op 'n grond beoog in subparagraaf (7) verwerp is nie,

moet die kiesbeampte die benoeming goedkeur.

Benoemingsvergadering

13. (1) Om leerders in graad 8, 9, 10, 11 en 12 'n verdere geleentheid te bied om leerders vir die verteenwoordigende raad van leerders te benoem, moet 'n benoemingsvergadering vir dié grade op die eerste skooldag na die verstryking van die sesdagbenoemingstydperk gehou word.

(2) 'n Kworum van leerders in 'n bepaalde graad—

  (a)   moet by die benoemingsvergadering teenwoordig wees vir die vergadering om vir daardie graad voort te gaan;

  (b)   bestaan uit een leerder meer as die helfte van die totale getal leerders in daardie graad ingeskryf by die skool, soos uitgebeeld in Aanhangsel D.

(3) Die benoemingsprosedure beoog in paragraaf 12(2), (3) en (4) is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die benoeming van leerders by 'n benoemingsvergadering.

(4) Aan die begin van die benoemingsvergadering moet die kiesbeampte—

  (a)   die benoemings- en verkiesingsprosedures aan die leerders verduidelik;

  (b)   benoemingsvorms beskikbaar stel aan al die leerders by die vergadering; en

  (c)   die leerders in kennis stel van die tyd wat by die vergadering vir benoemings toegelaat sal word.

(5) Die kiesbeampte moet gedurende die toegelate tyd vir benoemings by die vergadering voltooide benoemingsvorms van leerders ontvang.

(6) Die kiesbeampte moet elke benoeming wat ontvang is, oorweeg by of na die vergadering en 'n benoeming verwerp wat—

  (a) nie soos voorgeskryf in paragraaf 12(2)*(a)* voltooi is en binne die toegelate tyd vir benoemings by die vergadering ingedien is nie;

  (b) deur 'n leerder in 'n ander graad as die benoemde voorgestel of gesekondeer is;

  (c) deur die benoemde voorgestel of gesekondeer is; of

(d) 'n leerder benoem wat ingevolge paragraaf 3 nie op die verteenwoordigende raad van leerders mag dien nie.

(7) Indien 'n benoeming—

(a) voltooi is soos voorgeskryf in paragraaf 12(2)*(a)* en binne die toegelate tyd by die vergadering ingedien is; en

(b) nie op 'n grond beoog in subparagraaf (6) verwerp is nie,

moet die kiesbeampte die benoeming goedkeur.

Uitkomste van benoemings

14. (1) Die kiesbeampte moet die name van alle leerders wie se benoemings goedgekeur is per graad afkondig, waarna daardie leerders geag word behoorlik benoemde leerderkandidate te wees.

(2) Indien die getal leerderkandidate vir 'n bepaalde graad ingevolge paragraaf 2 minder as die vereiste getal leerderlede vir daardie graad is, moet 'n nuwe vergadering waar bykomende leerderkandidate benoem kan word vir daardie graad ooreenkomstig paragraaf 13 belê word.

(3) Indien die getal leerderkandidate vir 'n bepaalde graad gelyk is aan die vereiste getal leerderlede vir daardie graad moet die kiesbeampte elke leerderkandidaat in daardie graad as 'n behoorlik verkose lid van die verteenwoordigende raad van leerders vir daardie graad verklaar.

(4) Indien die getal leerderkandidate vir 'n bepaalde graad meer is as die vereiste getal leerderlede vir daardie graad, moet 'n verkiesing ooreenkomstig paragraaf 15 gehou word om die lede van die verteenwoordigende raad van leerders vir daardie graad te verkies.

Verkiesing van leerderkandidate tot verteenwoordigende raad van leerders

15. (1) Indien daar 'n verkiesing van leerderkandidate tot die verteenwoordigende raad van leerders vir 'n bepaalde graad of grade ingevolge paragraaf 14(4) gehou moet word, moet die kiesbeampte—

(a) 'n kennisgewing van 'n verkiesing in die vorm van Aanhangsel C voorberei; en

(b) toesien dat 'n afskrif van die kennisgewing minstens tien dae voor sodanige verkiesing aan elke leerder in die betrokke graad uitgedeel word.

(2) 'n Kworum van leerders in 'n bepaalde graad—

(a) moet teenwoordig wees by 'n verkiesingsvergadering vir die verkiesing om in daardie graad voort te gaan;

(b) bestaan uit een leerder meer as die helfte van die totale getal leerders ingeskryf in daardie graad by die skool, soos uitgebeeld in Aanhangsel D.

(3) Elke leerder ingeskryf by 'n skool in 'n graad waarvoor 'n verkiesing tot die verteenwoordigende raad van leerders gehou word, kan by sodanige verkiesing stem en slegs daardie leerders mag by die stemlokaal binnegelaat word.

(4) Aan die begin van die verkiesing moet die kiesbeampte die verkiesingsproses aan die leerders verduidelik en aan elke leerder wat wil stem 'n toepaslike stembrief uitdeel waarop 'n amptelike merk of stempel vir die bepaalde graad aangebring is.

(5) Om te stem moet 'n leerder op die stembrief die name neerskryf van die leerderkandidate wat hy of sy as verteenwoordigers van sy of haar graad kies.

(6) Die leerder—

    (a)   mag slegs vir leerders stem wat in dieselfde graad as hy of sy is;

    (b)   mag slegs een keer vir 'n bepaalde kandidaat stem, met 'n maksimum getal van drie stemme, of die getal stemme gelyk aan die vereiste getal leerders wat in daardie graad tot die verteenwoordigende raad van leerders verkies staan te word.

(7) Die kiesbeampte moet 'n stembrief verwerp—

    (a)   wat nie die amptelike merk of stempel vir die bepaalde graad daarop het nie;

    (b)   wat die name van meer leerderkandidate bevat as wat ingevolge subparagraaf (6)*(b)* verkies kan word;

    (c)   waarop 'n leerder vir 'n leerderkandidaat of leerderkandidate gestem het wat nie in sy of haar graad is nie; of

    (d)   wat op so 'n wyse voltooi is dat dit, na die mening van die kiesbeampte, onseker is vir welke leerderkandidate die stemmer gestem het.

(8) Die kiesbeampte moet per graad die drie leerderkandidate, of die getal goedgekeur deur die Departementshoof soos beoog in paragraaf 2(2), vir wie die hoogste getal stemme aangeteken is behoorlik verkose verklaar.

(9) Waar die getal stemme aangeteken vir die eerste vier of meer leerderkandidate gelyk is, moet die kiesbeampte die verkiesingsprosedure eenmaal herhaal en dan die drie leerderkandidate wat 'n gewone meerderheid stemme behaal behoorlik verkose verklaar.

(10) Waar drie leerderkandidate nie soos beoog in subparagraaf (9) 'n eenvoudige meerderheid van stemme behaal nie, moet die kiesbeampte deur loting bepaal wie onder die leerderkandidate verkies is.

(11) Wanneer daar 'n gelyke hoeveelheid stemme tussen drie of meer leerderkandidate vir die tweede en derde posisie is, moet die kiesbeampte deur loting bepaal wie onder hulle verkies is.

Besluit van kiesbeampte

16. (1) Die kiesbeampte moet oor alle aangeleenthede wat met die benoeming en verkiesing van leerders tot die verteenwoordigende raad van leerders verband hou, besluit en beslis.

(2) 'n Besluit van die kiesbeampte gedurende die benoemings-en-verkiesingsproses is finaal.

(3) Sou daar 'n aangeleentheid wees wat die kiesbeampte nie kan beslis nie, moet die verkiesings voortgaan.

(4) Enige persoon wat beswaar wil aanteken ten opsigte van 'n aangeleentheid bedoel in subparagrawe (1) tot (3) moet die beswaar binne sewe dae vanaf die benoeming of verkiesing, na gelang van die geval, skriftelik by die prinsipaal of iemand deur hom of haar gedelegeer indien, wat daaroor besluit.

(5) Die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde moet die beswaar oorweeg en binne sewe dae vanaf ontvangs van die beswaar skriftelik 'n bepaling daaroor maak.

(6) Indien die persoon wat die beswaar aangeteken het nie met die besluit van die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde tevrede is nie, of indien die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde versuim om 'n bepaling soos beoog in subparagraaf (5) te maak, kan 'n appèl binne 14 dae vanaf die benoeming of verkiesing, na gelang van die geval, skriftelik by die Departementshoof ingedien word.

(7) Die Departementshoof moet binne 14 dae vanaf ontvangs van die appèl die appèl oorweeg en skriftelik 'n bepaling daaroor maak.

Prosedure na verkiesing van verteenwoordigende raad van leerders

17. Ná die verkiesing van 'n verteenwoordigende raad van leerders moet die kiesbeampte—

(a) alle dokumente wat in die benoeming en verkiesing van die verteenwoordigende raad van leerders gebruik is, met inbegrip van alle voltooide stembriewe wat in die verkiesing gebruik is en alle benoemingsvorms ontvang, in koeverte per graad plaas en die koeverte verseël;

(b) daardie koeverte in veilige bewaring hou vir 'n tydperk van minstens een jaar vanaf die datum van die verkiesing;

(c) elke verkose lid skriftelik in kennis stel van sy of haar verkiesing; en

(d) die Departementshoof binne 14 dae vanaf die datum van die benoemingsvergadering of verkiesing, na gelang van die geval, skriftelik van die name en adresse van die verkose leerderlede in kennis stel.

Verkiesing van ampsbekleërs

18. (1) Ná die verkiesing van die verteenwoordigende raad van leerders—

(a) moet die onderwyserskakelbeampte die eerste vergadering van die verteenwoordigende raad van leerders belê om binne 14 dae vanaf die verkiesing plaas te vind; en

(b) moet die leerderlede uit hul geledere die ampsdraers van die nuwe verteenwoordigende raad van leerders verkies, wat minstens die voorsitter, tesourier en sekretaris moet insluit.

(2) Die onderwyserskakelbeampte moet ná die vergadering waar ampsdraers ooreenkomstig hierdie paragraaf verkies is, en binne 14 dae ná die datum van die vergadering die Departementshoof skriftelik van die name en adresse van die verkose ampsdraers in kennis stel.

Pligte van voorsitter

19. Die voorsitter moet—

(a) alle vergaderings van die verteenwoordigende raad van leerders en sy uitvoerende komitee voorsit;

(b) die verteenwoordigende raad van leerders verteenwoordig by vergaderings met leerderlede van verteenwoordigende rade van leerders van ander skole en moet sodanige vergaderings bywoon;

(c) 'n positiewe beeld van die skool bevorder;

(d) die woordvoerder van die verteenwoordigende raad van leerders wees; en

(e) 'n jaarverslag oor die aktiwiteite en prestasies van die verteenwoordigende raad van leerders opstel vir indiening by 'n vergadering van die beheerliggaam.

Pligte van tesourier

20. Die tesourier moet—

(a) verantwoordelik wees vir alle fondsinsamelingsaktiwiteite van die verteenwoordigende raad van leerders;

(b) rekord hou van alle inkomste en uitgawes;

(c) alle geld wat ontvang word aan die beheerliggaam oorhandig;

(d) aan die beheerliggaam verslag lewer oor die uitgawes van die verteenwoordigende raad van leerders; en

(e) 'n jaarverslag oor die stand van die finansies van die verteenwoordigende raad van leerders opstel en aan die voorsitter voorlê.

Pligte van sekretaris

21. Die sekretaris moet—

    (a) van alle vergaderings van die verteenwoordigende raad van leerders notule hou;

    (b) toesien dat kennisgewings van vergaderings betyds aan alle lede uitgestuur word; en

    (c) toesien dat, na goedkeuring, alle notules van vergaderings van die verteenwoordigende raad van leerders en sy uitvoerende komitee deur beide die voorsitter en sekretaris onderteken en gedateer word, en moet 'n rekord daarvan byhou.

Verkiesing van leerderlede om op beheerliggaam te dien

22. By die eerste vergadering van die verteenwoordigende raad van leerders soos beoog in paragraaf 18(1)*(a),* moet die leerderlede uit eie geledere ook twee lede verkies om in die beheerliggaam te dien.

Vergaderings van verteenwoordigende raad van leerders

23. (1) Die voorsitter van 'n verteenwoordigende raad van leerders moet die datum, tyd en plek van 'n vergadering bepaal en die sekretaris van die raad moet ten minste 14 dae voor sodanige vergadering elke lid skriftelik daarvan in kennis stel.

    (2) Waar 'n saak na die mening van die voorsitter dringende aandag benodig, moet minstens 24 uur skriftelike kennis van 'n vergadering gegee word.

    (3) Die meerderheid van die lede van 'n verteenwoordigende raad van leerders maak 'n kworum uit vir enige vergadering van die verteenwoordigende raad van leerders.

    (4) 'n Verteenwoordigende raad van leerders moet sy eie reëls en prosedures vir vergaderings bepaal.

Komitees van verteenwoordigende raad van leerders

24. (1) 'n Verteenwoordigende raad van leerders kan, bykomend tot die uitvoerende komitee, komitees onder sy lede instel, met inbegrip van die volgende komitees:

    (a) 'n sosiale komitee, om met skoolleerders oor hulle sosiale behoeftes te konsulteer;

    (b) 'n fondsinsamelingskomitee, om fondsinsamelingsgeleenthede te identifiseer en te koördineer;

    (c) 'n vredesopvoeding-komitee, om probleemareas te identifiseer, soos afknouery, en om bystand te verleen met konflikoplossing en die behoefte aan berading;

    (d) 'n interskoolbetrekkinge-komitee, om interaksie met leerders van ander skole te bewerkstellig;

    (e) 'n deerniskomitee, om leerders by te staan om familiesterftes of ander emosionele probleme te hanteer.

  (2) Subparagraaf (1) belet nie 'n verteenwoordigende raad van leerders om—

    (a) ander komitees in te stel nie; en

    (b) leerders te koöpteer wat nie op die verteenwoordigende raad van leerders dien, om op komitees te dien wat ooreenkomstig subparagraaf (1) en (2) aangestel is nie, op voorwaarde dat die voorsitter van so `n komitee `n verkose lid van die verteenwoordigende raad van leerders is.

Notules van prosedures van vergaderings

25. (1) Die sekretaris van 'n verteenwoordigende raad van leerders moet notule hou van die verrigtinge van elke vergadering van die verteenwoordigende raad van leerders en moet—

(a) die onderwyserskakelbeampte, elke lid van die verteenwoordigende raad van leerders en die prinsipaal of enige persoon behoorlik aangewys deur die prinsipaal van 'n afskrif van die notule voorsien; en

(b) op versoek, en met die instemming van die onderwyserskakelbeampte, 'n ouer van 'n leerder van die skool of 'n personeellid by die skool van 'n afskrif van die notule voorsien, mits daar geen skending van die regte van persone is nie en die ouer of personeellid dit benodig vir die uitoefening of beskerming van sy of haar regte of belange.

(2) Die notule van die verrigtinge van elke vergadering moet vir goedkeuring aan die verteenwoordigende raad van leerders by die volgende vergadering voorgelê word.

(3) By die ontbinding van 'n verteenwoordigende raad van leerders of die verstryking van sy ampstermyn moet alle notules en ander dokumente van die verteenwoordigende raad van leerders deur die onderwyserskakelbeampte aan die prinsipaal oorhandig word.

Herroeping van maatreëls

26. Die volgende maatreëls word herroep:

(a) maatreël 24 van die Maatreëls betreffende Beheerliggame en 'n Verteenwoordigende Raad van Leerders vir Openbare Skole (Uitgesondered Openbare Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes), gepubliseer as Provinsiale Kennisgewing 164/2008 in *Buitengewone Provinsiale Koerant* 6519 van 20 Mei 2008;

(b) maatreël 24 van die Maatreëls betreffende Beheerliggame en 'n Verteenwoordigende Raad van Leerders van Openbare Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes (Ingesluit Openbare Skole vir Leerders wat kragtens die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005); die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), en/of die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), soos gewysig, daarheen Verwys of Oorgeplaas is), gepubliseer as Provinsiale Kennisgewing 278/2008 in *Buitengewone Provinsiale Koerant* 6554 van 12 September 2008; en

(c) maatreël 19 van die Maatreëls betreffende Beheerliggame en 'n Verteenwoordigende Raad van Leerders van Openbare Skole vir Leerders wat kragtens die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005); die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), en/of die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), soos gewysig, daarheen Verwys of Oorgeplaas is, gepubliseer as Provinsiale Kennisgewing 279/2008 in *Buitengewone Provinsiale Koerant* 6554 van 12 September 2008.

AANHANGSEL A

BENOEMINGSVORM

Benoeming van leerders vir die verteenwoordigende raad van leerders

(Paragrawe 3, 12, 13 en 14 van die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole)

1.   **Moet deur die Voorsteller voltooi word**
          (die leerder wat die benoeming maak)

My naam is …………………………………………………………… *(naam en van)*.

Ek is 'n leerder ingeskryf in graad .... by ....
                                                                          (naam van skool)

My woonadres is:

....

....

Ek benoem …………………………………………., wat in dieselfde graad as ek is, tot lid van die verteenwoordigende raad van leerders by my skool.

                                                                          …………………………………………….
                                                                          Handtekening van Voorsteller

2.   **Moet deur die Sekondant voltooi word**
          ('n leerder wat die benoeming ondersteun)

My naam is …………………………… ……………………………………………… *(naam en van)*.

Ek is 'n leerder ingeskryf in graad .... by ....
                                                                          (naam van skool)

My woonadres is:

....

....

Ek sekondeer hierdie benoeming.

………………………………………….
Handtekening van Sekondant

3.   **Moet deur Benoemde voltooi word:**
     (die leerder wat benoem word)

My naam is …………………………………………………… *(volle naam en van)*.

My woonadres is:

....

....

Ek verklaar hiermee dat—

(a)   ek my benoeming vir lid van die verteenwoordigende raad van leerders **aanvaar / nie aanvaar nie**;
        (skrap woord(e) wat nie van toepassing is nie)

(b)   ek nie op enige tydstip skuldig bevind is aan ernstige wangedrag by enige skool nie; en

(c)   ek 'n leerder is wat ingeskryf is in graad .... by ....
        (naam van skool)

………………………………………………..
Handtekening van Benoemde

4.   **Moet deur die kiesbeampte voltooi word**
     (indien die benoemde leerder nie teenwoordig is nie, waar die benoeming by 'n benoemingsvergadering gemaak word)

Ek, …………………………………………………………………............…………… *(volle naam van kiesbeampte)*,
verklaar dat bewys tot my bevrediging gelewer is dat die benoemde—

(a)   wat nie by die benoemings- en verkiesingsvergadering teenwoordig is om die benoemingsvorm te voltooi nie,
        bereid is om, indien verkies, as 'n lid van die verteenwoordigende raad van leerders te dien; en

(b)   nie ingevolge paragraaf 3 gediskwalifiseer is om 'n lid van die verteenwoordigende raad van leerders te wees nie.

5.   **Moet deur die kiesbeampte voltooi word**
     (skrap die gedeeltes wat nie van toepassing is nie)

Ek, ..., *(volle naam van kiesbeampte)*
verklaar dat—

(a)	hierdie benoemingsvorm ingevolge paragraaf 12(8) of 13(7) **korrek / verkeerd** voltooi is;

(b)	die leerder **nie gediskwalifiseer is nie/ gediskwalifiseer is** om 'n lid van die verteenwoordigende raad van leerders te wees; en

(c)	hierdie benoeming derhalwe—
	(i)	goedgekeur is; of
	(ii)	verwerp is.

………………...	………………………………………………
Datum	Handtekening van kiesbeampte

AANHANGSEL B

Kennisgewing van benoeming van leerders vir die verteenwoordigende raad van leerders

(Paragrawe 12 en 13 van die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole)

Die benoeming vir lede van die verteenwoordigende raad van leerders begin op ………………….. *(begindatum; sewe skooldae voor die benoemingsvergadering)* en eindig op …………………….. om ……………………. *(sluitingsdatum en tyd, een skooldag voor die benoemingsvergadering).*

Gedurende hierdie tyd word leerders in graad 8, 9, 10, 11 en 12 uitgenooi om leerders in dieselfde graad as hulle te benoem vir verkiesing tot die verteenwoordigende raad van leerders.

Wat is die verteenwoordigende raad van leerders?

Die verteenwoordigende raad van leerders is 'n formele liggaam van leerders met verskeie pligte en verantwoordelikhede. Onder meer skakel die lede van die verteenwoordigende raad van leerders met die beheerliggaam, verteenwoordig hulle die leerders en tree hulle op as kommunikasiekanaal tussen leerders, skoolpersoneel, ouers en die gemeenskap. Hulle help om orde in die skool te handhaaf, hulle stel 'n positiewe voorbeeld vir leerders en hulle bevorder die beste belange van die skool. Lede van die verteenwoordigende raad van leerders behoort die volgende eienskappe uit te beeld: betroubaarheid, goeie kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede, selfvertroue, toewyding, 'n positiewe gesindheid en 'n behoefte om te dien.

Reëls vir benoemings

Leerders mag slegs leerders in dieselfde graad as hulle benoem en mag nie hulself benoem nie.

Om 'n leerder vir die verteenwoordigende raad van leerders te benoem, moet 'n benoemingsvorm volledig ingevul word deur—

     (1)   'n leerder in dieselfde graad wat die benoeming maak;

     (2)   'n ander leerder in dieselfde graad wat die benoeming sekondeer (ondersteun); en

     (3)   die benoemde, wat die benoeming aanvaar of van die hand wys.

Die voltooide benoemingsvorm moet ……………………………………… *(naam van kiesbeampte)* bereik voor of op ……………………………………. om ……………. *(sluitingsdatum en afsnytyd vir benoemings).*

Vir 'n benoeming om te slaag, moet hierdie reëls gevolg word.

Leerders wat nie ingeskryf is in graad 8, 9, 10, 11 of 12 nie, of wat skuldig bevind is aan ernstige wangedrag by enige skool, kwalifiseer nie om tot die raad verkies te word nie.

Benoemingsvergadering

Om leerders 'n verdere geleentheid te bied om leerders tot die verteenwoordigende raad van leerders te benoem, sal 'n benoemingsvergadering gehou word te ……......…………… *(plek)* op ……………… om ………………….. *(dag en tyd)*.

Uitkomste van benoeming

Indien die getal suksesvolle benoemings in 'n bepaalde graad minder is as die getal leerders wat vir daardie graad op die raad benodig word, sal 'n benoemingsvergadering weer vir daardie graad gehou word.

Indien die hoeveelheid suksesvolle benoemings in 'n bepaalde graad gelyk is aan die getal leerders wat vir daardie graad op die raad benodig word, is die suksesvolle benoemdes outomaties verkies tot die raad.

Indien die getal suksesvolle benoemings in 'n bepaalde graad hoër is as die getal leerders wat vir daardie graad op die raad benodig word, sal 'n verkiesing vir daardie grade gehou word op 'n datum wat per kennisgewing aangekondig sal word.

Maak gebruik van jou geleentheid om leerders in jou graad tot die verteenwoordigende raad van leerders te verkies deur die aangehegte benoemingsvorm in te vul.

AANHANGSEL C

Kennisgewing van verkiesing van leerderkandidate tot die verteenwoordigende raad van leerders

(Paragraaf 15 van die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole)

Die verkiesing van kandidaatleerders tot die verteenwoordigende raad van leerders in graad/grade…………....................... vind plaas te ....…………………………… *(plek)* op ………………………… om .... *(datum en tyd van verkiesing)*.

Wat is die verteenwoordigende raad van leerders?

Die verteenwoordigende raad van leerders is 'n formele liggaam van leerders met verskeie pligte en verantwoordelikhede. Onder meer skakel die lede van die verteenwoordigende raad van leerders met die beheerliggaam, verteenwoordig hulle die leerders, en tree hulle op as kommunikasiekanaal tussen leerders, skoolpersoneel, ouers en die gemeenskap. Hulle help om orde in die skool te handhaaf, hulle stel 'n positiewe voorbeeld vir leerders en hulle bevorder die beste belange van die skool. Lede van die verteenwoordigende raad van leerders behoort die volgende eienskappe uit te beeld: betroubaarheid, goeie kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede, selfvertroue, toewyding, 'n positiewe gesindheid en 'n behoefte om te dien.

Verkiesingsreëls

'n Stembrief met die amptelike stempel of merk daarop sal aan elke leerder wat wil stem gegee word.

Om te stem, skryf op die stembrief die name en vanne neer van die leerderkandidate (die leerders wie se benoeming afgekondig is) wat jy graag op die verteenwoordigende raad van leerders wil hê.

Jy mag net vir leerders stem wat in dieselfde graad as jy is.

Jy mag nie vir meer as ……… *(die getal leerderlede wat vir die graad benodig word)* kandidate stem nie en jy mag net een keer vir 'n bepaalde kandidaat stem.

Skryf asseblief in leesbare skrif vir jou stem om te tel.

AANHANGSEL D

(Paragrawe 13(2) en 15(2) van die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole)

'n Kworum vir 'n bepaalde graad by 'n benoemingsvergadering of 'n verkiesing bestaan uit een leerder meer as die helfte van die som van alle leerders wat in daardie graad by die skool ingeskryf is.

Byvoorbeeld:

Indien 30 leerders in graad 8 ingeskryf is, is 16 leerders 'n kworum vir graad 8.

Indien 20 leerders in graad 9 ingeskryf is, is 11 leerders 'n kworum vir graad 9.

Indien 50 leerders in graad 10 ingeskryf is, is 26 leerders 'n kworum vir graad 10.

Indien 60 leerders in graad 11 ingeskryf is, is 31 leerders 'n kworum vir graad 11.

Indien 10 leerders in graad 12 ingeskryf is, is 6 leerders 'n kworum vir graad 12.

UKUMISELWA KWEMISEBENZI NEENKQUBO ZOKUSEKWA NONYULO LWAMABHUNGA AMELE ABAFUNDI KWIZIKOLO ZIKARHULUMENTE

UMphathiswa wePhondo ophathiswe ezemfundo eNtshona Koloni, phantsi kwecandelo 48(2) soMthetho weMfundo weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, 1997 (uMthetho 12 ka-1997), umisele imisebenzi neenkqubo zokusekwa nonyulo lwamabhunga amele abafundi kwizikolo zikarhulumente njengoko kucaciswe kule Shedyuli.

ISHEDYULI

ULANDELELWANISO

Imihlathi

Iingcaciso-magama

1. Kule mihlathi, ngophande kokuba kuthethwe okunye, naliphi na igama okanye ibinzana-magama elinikwe intsingiselo kulo Mthetho lihlala linaloo ntsingiselo inye yaye, ngaphandle kokuba umxholo ophethweyo walatha okunye;—

    "**iintsuku**" zithetha iintsuku zomsebenzi, ezibandakanya iiholide zezikolo yaye ayibandakanywa iMigqibelo, iiCawa neeholide zikawonke-wonke; ;

    "**isithili semfundo**" sithetha iyunithi yolawulo yeSebe leMfundo leNtshona Koloni;

    "**i-ofisi yesithili semfundo**" ithetha undlunkulu wesithili semfundo;

    "**igosa lonyulo**" lithetha igosa lonyulo elichatshazelwe kumhlathi 11;

    "**izikhulu**" zithetha ababambe izikhundla kwibhunga elimele abafundi;

    "**umgqatswa ongumfundi**" uthetha umfundi otyunjwe ngokuyimpumelelo ukuba abe kwibhunga elimele abafundi ngokwemihlathi 12 okanye 13;

    "**ilungu elingumfundi**" lithetha ilungu lebhunga elimele abafundi;

    "**ibhunga elimele abafundi**" lithetha ibhunga elimele abafundi elisekwe ngokwesiqendu 48 soMthetho;

    "**isikolo**" sithetha isikolo sikarhulumente

    "**iintsuku zesikolo**" zithetha iintsuku kwikota yesikolo ezilungiselelwe ukubonelelwa ngemfundo kwabafundi ababhalise esikolweni ;

    "**utitshala oligosa loqhagamshelwano**" uthetha utitshala oligosa loqhagamshelwano ochatshazelwe kumhlathi 10;

    "**lo Mthetho**" uthetha uMthetho weMfundo weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, 1997 (uMthetho 12 ka-1997).

Ukwakhiwa kwebhunga elimele abafundi

2. (1)   Ibhunga elimele abafundi elisekwe esikolweni liya kwenziwa ngamalungu amathathu angabafundi kwibakala ngalinye, ukuqalela kwibakala 8 kuye kwibakala 12.

   (2)   INtloko yeSebe inokuvuma ukwakhiwa kwebhunga elimele abafundi elahlukileyo kwelo lakhiwe ngokomhlathana (1) ukuba—

         (a)   ibhunga lolawulo lesikolo lenze isicelo ngencwadi ebhaliweyo sokucela ukuba lakhiwe ngokwahlukileyo, linike nezizathu zoko; yaye

         (b)   iNtloko yeSebe yanelisekile ukuba ukwakhiwa okucetywayo kuya kulungiselela ngakumbi iimfuno zezemfundo zesikolo.

